

12 April

Versoeking en verlossing

**Skrifgedeelte: Matteus 6:5-15 (OAV)
Fokusgedeelte: Matteus 6:13a**

Adam het in die paradys met versoeking te doen gekry en daarvoor geswig. Ons Here is verskeie kere deur die duiwel versoek en het staande gebly.

As sondige mense is ons soos Adam – in onself so swak dat ons in eie krag “nie een oomblik staande kan bly nie” (HK So. 52).

In die alledaagse lewe kruis versoeking so dikwels die gelowige se pad. Dink maar aan sogenaamde kenmekeer-naweke, werkspartytjies, drankmisbruik, growwe SMS’e en wulpsse films en tydskrifte, asook die staat en banke se loterye – om maar net ’n paar kenmerke te noem van ’n Godonterende maatskaplike lewe. Ook die heiligheid van die huwelik en die eerbied vir God en sy Woord word verdoem as outyds en uit pas met ’n nuwe demokratiese leefwyse.

Hiervan hou die duiwel natuurlik baie, want hy is een stuk boosheid. Dit wat hy nie met Christus kon regkry nie, probeer hy steeds sonder ophou tot die laaste dag toe met God se kinders: hy begeer vurig om ons soos koring te sif (Luk 22:31).

Soos wat die Vader toegelaat het dat sy Seun deur hom versoek word, so kan Hy vandag nog toelaat dat sy kinders deur die duiwel versoek word. Daarom leer Jesus sy mense bid: Lei ons nie in versoeking nie, maar (as U dit nogtans nodig vir ons vind), verlos ons (dan) van die Bose.

Genadiglik is God se kind nie magteloos uitgelewer aan die duiwel en sy versoeking nie. God beskerm ons deur sy Heilige Gees. Hy leer ons stry. Hy leer ons hoe om sy volle wapenrusting aan te trek sodat ons staande kan bly en al die vurige pyle van die Bose kan uitblus (Ef 6:13, 16).

Versoekingstyd is egter ’n gevaarlike tyd. Ons kan nie maar wil dink: “Ag, laat ek dit maar geniet. Die Heilige Gees sal my tog bewaar sodat alles sal regkom” nie. Nee, die Skrif leer duidelik dat ons die Gees ook kan bedroef (Ef 4:30) en selfs kan uitblus (1 Tess 5:19)!

Moet dus nie versoeking opsoek nie, maar bid God eerder om verlossing van die Bose.

Sing: Psalm 139:12 (Totius)

Dr. Izak Bekker (Emeritus)